basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

MEI/JUNIE 2026

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 80

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: LEESBEGRIP

NASIEN VAN DIE LEESBEGRIP

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepenaliseer.

2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/ EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.

4. Vir JA/NEE-, WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING-vrae word geen punte vir JA/NEE, WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.

5. Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.

6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.

7. Aanvaar dialektiese variasies.

8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: LEESBEGRIP

TEKS A: ARTIKEL

[Verwerk uit *Huisgenoot,* 16 Januarie 2025 en *Kuier,* 30 Januarie 2025]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.1	(op) Springbok	1
1.2	Sy en haar sussie het (Sondae ná kerk) saam met hulle ma gebak. *(Of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.3.1	6/ses	1
1.3.2	Bellville	1
1.3.3	drama	1
1.4	Mavis	1
1.5	advokaat	1
1.6	"Hierdie drama word elke dag op eTV uitgesaai." *(Geen penalisering indien die woorde NIE tussen aanhalingstekens is NIE)*	1
1.7.1	Grace	1
1.7.2	• Sy is sterk • Sy is goedhartig. • Sy gee om vir ander mense. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.7.3	van haar karakter hou	1
1.8	*Gebokste liefde*	1
1.9.1	figuurlik	1
1.9.2	suksesvol en ervare is *(Die antwoord by Vraag 1.9.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 1.9.2 te verdien.)*	1
1.10	op televisie na *Sewende Laan* gekyk het	1
1.11	• Sy help jong akteurs. • Sy deel haar kennis (met jong akteurs). • Sy inspireer die jeug (wat toneelspelers wil word). *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.12	• Sy kyk na video's van insekte op YouTube. • Sy het al baie *funfacts* oor insekte bymekaar gemaak. *(Of soortgelyk aan bogenoemde)*	2
1.13	Sy wou haar bestuurderslisensie **kry**. *(Of soortgelyk aan bogenoemde. Antoord moet dui op Adri-Jo se planne))*	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.14	• Sy werk hard/baie. • Sy doen goeie werk. • Sy het groot drome. • Sy is streng met haarself. • Sy is jonk en al klaar suksesvol. • Sy wil altyd iets verbeter. • Sy leef haar passie uit. • Sy is 'n goeie aktrise. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.15.1	E/Adri-Jo het haar kreatiwiteit geërf.	1
1.15.2	C/2024 was 'n goeie jaar vir Adri-Jo.	1
1.15.3	A/Adri-Jo skrik nie vir uitdagings nie.	1
1.15.4	D/Adri-Jo wil altyd beter doen.	1

TEKS B: WEERKAART
[Verwerk uit Netwerk24]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.16	Musina	1
1.17	jou reënjas	1
1.18	Upington	1
1.19	• Die kaart gee geen inligting/niks/informasie oor Namibië nie. • Daar wys/is nie weer vir/in Namibië nie. • Die kaart gee net inligting oor Suid-Afrika. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.20	• Die son gaan lekker skyn. • Die wind gaan nie (sterk) waai nie/liggies waai. • Dit gaan nie reën nie. • Dit gaan warm/sonnig wees. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.21	C/weet hoe ek my dag die beste kan beplan.	1

AFDELING B: OPSOMMING

NASIEN VAN DIE OPSOMMING

Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf.

Die opsomming word soos volg nagesien:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal (**Let wel**: Sodra die kandidaat enige aanhaling gee, ignoreer ons die eerste kategorie vir taalpunte en beweeg na die tweede kategorie vir woordeliks aangehaal).
  - Puntetotaal: 10

- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:**
  (Kategorie 1: Indien die kandidaat nie woordeliks aanhaal nie, moet die feit nog sin maak om die punt te verdien.)
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat woordeliks aangehaal het**
  (Kategorie 2: Direkte aanhaling: 'n sin/deel van 'n sin woord-vir-woord volgens vraestel.)
  - 6-7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
  - 4-5 direkte aanhalings: ken maksimum 1 punt vir taal toe
  - 2-3 direkte aanhalings: ken maksimum 2 punte vir taal toe
  - 1 direkte aanhaling: ken maksimum 2 punte vir taal toe *(in gevalle waar daar meer korrekte feite ook is)*

LET WEL: Vergunning vir hierdie eksamen:

- Indien die kandidaat net een feit in die hele opsomming reg het en hierdie **één** feit is 'n direkte aanhaling, kry die kandidaat net één punt vir hierdie feit en géén punte vir taal nie.

LET WEL:

Tel van woorde:

- Nasieners moet die getal woorde wat gebruik is, tel.
- Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
- Indien die kandidaat die vereiste getal woorde (60) oorskry, lees nog VYF woorde verder en/of tot aan die einde van die sin waarin die 60 woorde-grens is. Ignoreer die res.
- Korter opsommings wat die vereiste feite bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

VRAAG 2: OPSOMMING

TEKS C: HOE OM VEILIG OP STRAAT TE WEES

[Verwerk uit Wikihow.com]

	TEKS	VERWAGTE ANTWOORDE
1.	"Skelms soek na mense wat hulle maklik kan beroof. Daarom is **dit beter om liewer nie alleen te loop nie.**"	Moenie alleen loop nie.
2.	"Skelms sal met jou praat om jou aandag af te trek. **Daarom moet jy nie met mense praat wat jy nie ken nie**."	Moenie met vreemde mense praat nie.
3.	"**Jy moet ook nooit by vreemde mense in die kar klim nie.** Die skelms mag jou dalk ontvoer."	Moenie saam met vreemde mense in die kar klim nie.
4.	"Mense loop graag met oorfone in die straat. Dan weet hulle nie wat om hulle aangaan nie. **Jy moet liewer jou oorfone by die huis los.**"	Los jou oorfone by die huis/Moenie met oorfone in die straat loop nie.
5.	"Skelms is vinnig en kan jou selfoon uit jou hand gryp. **Daarom moet jy jou selfoon in jou sak bêre.**"	Bêre jou selfoon (in jou sak)./Moenie met jou foon in jou hand loop nie.
6.	"As iemand jou goed steel, word jy baie kwaad. Jy wil jou goed terugkry, maar **moet liewer nie die skelm konfronteer nie.**"	Moenie die skelm konfronteer nie.
7.	"**Dit is beter om nie juwele en duur klere te dra as jy alleen stap nie.** Dit sal skelms laat dink dat jy baie geld het."	Moenie juwele/duur klere dra (as jy in die straat stap) nie.
	GETAL WOORDE = 186 woorde (± 200 woorde – Disjunktief)	**GETAL WOORDE = 41 woorde (50 – 60/65 maksimum)**
		TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

NASIEN VAN TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

1. Spelling:
   - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
   - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
   - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
2. Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
3. Aanvaar die letter EN/OF die korrekte antwoord wat volledig uitgeskryf is, by 'n meervoudigekeuse-vraag.

VRAAG 3: ADVERTENSIE

TEKS D
[Verwerk uit Google images]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.1	• "jou" *(Geen penalisering indien die woorde NIE tussen aanhalingstekens is NIE)*	1
3.2	• Dit is die gevoel van die adverteerder. • Dit is wat die adverteerder dink/die adverteerder se opinie. • Nie almal dink dit is die beste brood nie. • Party mense dink dalk ander brood is die beste. • Dit kan nie bewys word nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
3.3	ruik	1
3.4	goed	1
3.5	• Hierdie brood **sal** pryse **wen**. • Hierdie brood **gaan** pryse **wen.** *(Enige EEN)*	1
3.6	• Dit trek dadelik die leser se aandag. • Dit laat die prys uitstaan/beklemtoon die prys. • Die leser kan dit beter/makliker sien. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
3.7	Brood word van meel/koring gemaak/gebak. *(Of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
3.8	B/jou lus te maak vir 'n toebroodjie.	1
3.9	web	1

3.10	• Winkels/plekke waar jy die brood kan koop • 'n Kontaknommer/kontakpersoon • Straatadres/fisiese adres/adres *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1

VRAAG 4: STROKIESPRENT

TEKS E
[Verwerk uit *Huisgenoot*, 23 Januarie 2025]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
4.1	• Daar is groot bome. • Hulle staan in die bos/veld. • Hulle is wilde diere/'n leeu en 'n kameelperd. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
4.2	Paloeka vra of Palawa van skool hou.	1
4.3	C/entoesiasties is	1
4.4	Almal	1
4.5.1	stereotipering	1
4.5.2	• Nie alle meisies is *weird* nie. • Nie alle meisies hou van skool nie. • Alle meisies is nie dieselfde nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* *(Die antwoord by Vraag 4.5.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 4.5.2 te verdien.)*	1
4.5.3	• Dit is hoe jongmense praat. • Dit pas by die gesprek. • Jongmense gebruik woorde uit ander tale. • Paloeka is 'n tiener. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
4.6	"wiskunde" *(Geen penalisering indien die woorde NIE tussen aanhalingstekens is NIE)*	1
4.7	• Hulle kyk na mekaar. • Hulle woorde is in praatborrels. • Hulle antwoord mekaar. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
4.8	Paloeka ... • hou van pouse/roomys. • voel nou gelukkiger. • wil nou weer skool toe gaan. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1

VRAAG 5.1: LEESTEKS

TEKS F
[Eie teks]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.1.1	hou	1
5.1.2	sleg	1
5.1.3	veel	1
5.1.4	Daarom is dit baie belangrik **om gesond te eet.**	1
5.1.5	'n	1
5.1.6	kin-ders	1
5.1.7	reg**te**	1
5.1.8	groei**ende**	1
5.1.9	• Almal hou **nie** van dieselfde kos **nie**. • **Nie** alma**l** hou van dieselfde kos **nie.** • **Niemand** hou van dieselfde kos **nie**. *(Enige EEN)*	1
5.1.10	• Jy moet weet wat jou liggaam nodig het, sodat jy goeie keuses **kan** maak. • Sodat jy goeie keuses kan maak, moet jy weet wat jou liggaam nodig het. *(Enige EEN)*	1
5.1.11	vrug**te** *(sp)*	1
5.1.12	stuk**kie** *(sp)*	1
5.1.13	min**der** (*sp)*	1
5.1.14	Jy moet liewer water drink.	1

VRAAG 5.2: PRENT

TEKS G
[Verwerk uit Bing images]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.2.1	gister *(sp)*	1
5.2.2	vuurwarm *(sp)*	1
5.2.3	Lekker kos **is** (deur Ma) **gemaak**.	1
5.2.4	op	1
5.2.5	strandsambreel *(sp)*	1
5.2.6	piekniek *(sp)*	1

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 80

Kopiereg voorbehou